

Ds. A. W. C. Bester
Calvinia
16 April 1972

Onderwerp: Jesus se verskyning aan Petrus

Lees: Markus 16 verse 1 tot 8
Lukas 24 verse 28 tot 35

Teks: Lukas 24 vers 34

Sing: Psalm 100 verse 3 en 4
Psalm 68 vers 2
Psalm 118 verse 11 en 12

“Broers en Susters, die Apostel Petrus boei ’n mens. Een van die redes daarvoor is dat jy jouself in hom herken. Hy is ons broer in vele opsigte.

“Voordat hy die naam Petrus ontvang het, was sy naam Simon, wat beteken: een wat luister. Getrou aan sy naam, was hy die man wat in sy lewe geluister het na die klanke van die Hemel en die klanke van die Hel. Daarom vind ons ook in sy lewe hierdie twee uiterstes: hy het die naam van Jesus bely, maar hy het ook die naam van Jesus verloën. Sy getuienis was soos rotswoorde, maar by geleentheid beskryf Jesus dit ook as komende van die duiwel.

“’n Mens leer Petrus ken in sy onstabyliteit, sy innerlike tweespalt, sy onvolwassenheid en oormoedigheid. En as ons hom só sien, herken ons onself in hom.

“Ons treur saam met hom oor sy diepe val. Hy het Jesus Christus ontken voor mense; hy het sy Meester by geleentheid beledig; en hy het sy roeping versaak.

“Daar was ’n wroeging in sy lewe omdat hy Jesus Christus ter wille van selfbehoud verloën het. Daar was skaamte voor God en die mense omdat hy in sy dissipelskap ’n lafaard was en so skandelik gefaal het.

“Broers en Susters, hierin is ons net soos Petrus, want ook in ons lewens is daar vanmôre die brandpyn van selfverwyte en onwaardigheid voor God en die mense oor ons geestelike lamlendigheid. Daar is vrees by ons dat ons deur ons sonde iets gebreek het wat nie weer heelgemaak kan word nie.

“Maar Broers en Susters, as ons só naby Petrus staan in ons sonde, begryp ons ook Petrus se blydskap na sy ontmoeting met Jesus Christus. Na drie dae van hartverskeurende smart en wroeging oor sy sonde, het

daar 'n boodskap van die vroue gekom. Die engel het by die leë graf aan hulle gesê: 'Maar gaan sê vir sy dissipels en vir Petrus dat Hy voor julle uit gaan na Galiléa. Daar sal julle Hom sien ...' (Mark 16:7)

"Toe Petrus hierdie boodskap gehoor het en veral omdat sy naam spesiaal daarin genoem was, het hy na sy Meester se graf gehardloop. Ja, terwyl die ander dissipels nog gewik en geweeg het, het Petrus gehardloop.

"En wat het nie alles deur sy gedagtes gemaak nie, terwyl hy hom deur die kronkelstraatjies van Jerusalem gehaas het? As hy Jesus tog maar net weer kon sien. As hy tog maar net die geleentheid kon kry om sy sondes te bely. Sou Jesus hom vergewe?

"Waarom Petrus se naam spesifiek genoem is, weet ons nie, maar in sy hardloop sit daar meer as net haas en oormoed. Nee, ons moet dit sien teen die agtergrond van sy verloëning en droefheid oor sy sonde. Hy was haastig om met sy berou en smart by Jesus te kom.

"Nadat hy by die leë graf was en oortuig was van Jesus se opstanding en die feit dat Hy lewe, het hy in verwondering huistoe gegaan. En êrens op die pad in sy eensaamheid en bepeinsing het Jesus skielik voor hom gestaan. Sy hardloop na die graf op soek na Jesus was nie tevergeefs nie.

"Dit was 'n ontmoeting tussen 'n gevalle sondaar en die verheerlikte Jesus Christus; 'n ontmoeting tussen 'n wenende man en sy Verlosser. Wat gevolg het was die woorde van 'n verlore seun teenoor sy vader. Dit was woorde wat getuig het van waaragtige berou oor sy dade. En van Jesus se kant was daar trooswoorde en woorde van skuldvergifnis.

"Oor hierdie ontmoeting word ons nie veel vertel nie. Al wat ons weet, is dat Petrus ná hierdie ontmoeting met 'n stralende gelaat en oorstelp van dankbaarheid sy mededissipels toegeroep het: Die Here het aan my verskyn. (Luk 24:34)

"Hierdie vreugde in sy hart kom ook na vore in wat hy in 1 Petrus 1 vers 3 geskryf het: 'Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode ...'

"Na sy bittere smart en lyding, kon hy die gelowiges toe vermaan: 'Daarom, omgord die lendene van julle verstand, wees nugter en hoop volkome op die genade

wat julle deel word by die openbaring van Jesus Christus.' (1 Petr 1:13)

“Daar is ook vir óns ’n boodskap van vreugde in Jesus Christus se verskyning aan Petrus en die ander dissipels:

“Die belangrikste is dat Jesus uit die dood opgestaan het.

“Alhoewel Jesus se liggaam verheerlik was en Hy van ’n ander wêreld was, het Hy Hom in sy verheerliking nie van een enkele mens gedistansieer nie. Nee, die verrese Heiland is nog dieselfde. Ná sy opstanding ontferm Hy Hom nog oor die verlore skaap. Hy het nog dieselfde liefde teenoor ’n boetvaardige sondaar. Alhoewel Jesus se stem nou soos die geluid van baie waters is, roep Hy sy skape steeds saggies op hulle name. Hy maak nog bemoeienis met sy skepsels. En daarom liewe Broers en Susters, moet ons die vrymoedigheid teenoor Jesus Christus behou, ook nou ná Jesus se opstanding. Daarom moet ons vanmôre weet dat ons sondes nie te groot is om deur Jesus vergewe te word nie. Daarom moet ons onself nie te gering ag vir Jesus Christus se persoonlike aandag nie. Daarom moet ons steeds die Herder in die Heerser sien.

“En teenoor hierdie Jesus, Broers en Susters, staan Petrus die sondaar. Die bevlekte, die gevallene wat in homself nie eers werd was om ’n drumpelwagter in die Huis van die Here te wees nie. En as Jesus aan Simon verskyn het, dan weet ek vanmôre dat my geval nie te hopeloos is nie. Dan weet ek dat Jesus nie meet met die maatstaf waarmee mense meet nie. Hy vra nie na menslike verdienste en die meriete van ons lewens nie. Nee, Jesus Christus is ruimer en liefdevoller as die mense, want Hy het ook aan Simon verskyn.

“Dit onderskraag vanmôre wat Paulus geskryf het: ‘Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.’ (Rom 8:38,39) As daar sonderkenning en sonde-belydenis is, soos by Petrus, dan kom Jesus en bring in sy deurboorde hande die skat van allesvergewende genade.

“Dit is die Evangelie boodskap.

“Broers en Susters, wie deur sy eie skuld van Jesus vervreemd is, sal Jesus weer vind op die plek van berou. En wat is berou? Dit is daardie onvrede met jou sonde; die soeke na innerlike bevryding; die uitbrei van

die hande na die Hemel; die heimwee om weer met God gemeenskap te hê. Dit is met ander woorde hartgrondige bekering. Dan verskyn Jesus Christus aan die sondaar.

“Broers en Susters, waar hierdie ontmoeting met Jesus Christus ontbreek, is die Godsdienst vir mense vaal en koud. Solank Godsdienst bestaan uit teorie, beskouings en skemas, sonder ’n ontmoeting met Jesus Christus, is dit leweloos.

“Ons moet hierdie ontmoeting in ons lewe begeer, want daar word die benoude siel bevry. Onder die inwerking van God en Jesus Christus se teenwoordigheid, kom die openhartigheid met God en Jesus Christus. En as ons Jesus Christus in ons lewe ontmoet het, dan sing ons van vrede en van die getroue Herder van die verlore skape.

“Dan jubel dit in ons: ‘Die Here Jesus het ook aan my verskyn.

“Amen.”